



Hoërskool Fichardtpark

diensbaarheid • integriteit • geloof • respek • uitnemendheid

Geagte ouers

Dit is met 'n dankbare hart wat Hoërskool Fichardtpark aan die einde van die kwartaal ons personeel, ouers en leerders bedank vir elkeen se harde werk en positiewe bydrae tot die uitbou van ons pragskool.

Leerders en ouers word herinner daaraan dat alle uitslae en aktiwiteite op die skool se Facebook-blad geplaas word. Fichie-nuus lewer ook gereeld verslag oor ons leerders se prestasies.

Ons is dankbaar dat ons tans slegs enkele positiewe Covid-19-gevalle by die skool het.

Die Matriekafskeid het op 30 September plaasgevind en was weer eens een van die hoogtepunte op die skoolkalender. Baie dankie aan elke onderwyser, leerder en ouer wat 'n bydrae tot hierdie spoggeleentheid gelewer het.

Ons glo en vertrou ook dat daar mooi akademiese uitslae na die aflegging van die Rekordeksamen sal wees.

Sterkte met alle vakansieaktiwiteite. Rus behoorlik en kom met nuwe moed en krag terug!

H VAN DER MERWE
SKOOLHOOF
2021-10-04



Kontak Nummer: 051 522 6927 • Epos: fichpos@fpark.co.za
Hudsonrylaan 24, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317

www.fpark.co.za

